**Doel met die plae en die farao se harde hart (OP167)**

**Eks 7:1-10:29 (Lees Eks 9:13-35)**

**24 Maart 2024**

Laasweek het ons enersyds gekyk na Moses-hulle wat op pad was van Midian na Egipte toe, asook na die eerste ontmoeting met die farao in Egipte. Ons het gesien dat Moses nalatig was in die sin dat hy nie sy seun besny het nie, en dit het amper oppad na Egipte sy lewe gekos. Boonop het Moses nie die Here se opdrag aan hom tydens sy besoek aan die farao akkuraat uitgevoer nie: Hy het 'n ander afvaardiging geneem, 'n ander benadering gevolg, ander terminologie gebruik, 'n ander versoek gerig, en selfs bygevoeg wat die Here nie gesê het nie. Alhoewel hy later sy foute grotendeels gekorrigeer het, was die farao onversetlik om sy versoek toe te staan. Gevolglik het Moses die Here opgesoek, en alhoewel hy die Here blameer het vir die stand van sake, het die Here groot geduld met Moses gehad, en die Here het vir Moses gesê hy sal nou sien wat die Here gaan doen. Moses gaan sien wat die Here aan die farao gaan doen, hy gaan sien dat die Here werklik die Here is, hy gaan sien hoe van die verbondsbeloftes aan Abraham in vervulling gaan soos wat Abraham, Isak en Jakob nie gesien het nie, hy gaan sien dat die Here se verlossing van die volk beide hulle loskoop van hulle slawerny, asook hulle aanneming as God se volk sal insluit.

Vandag wil ek stilstaan by Eks 7-10. In hierdie 4 hoofstukke word Moses se volgende besoek aan die farao beskryf, asook die eerste 9 plae. Natuurlik gaan ons weer nie by elke stukkie detail stilstaan nie. Ek wil hierdie 4 hoofstukke oordink deur na twee onderwerpe te kyk: (1) Wat was die doel met die plae? en (2) Wat leer ons uit die farao se harde hart?

<u>Wat was die doel met die plae?</u>

Ek begin deur net kortliks die plae op te som:

- Tydens Moses se opvolgbesoek aan die farao, het Aäron voor die farao daardie teken gedoen waar hy sy staf op die grond gegooi het, en sy staf het 'n slang geword. Ons lees egter dat die farao se waarsêerspriesters dieselfde met hulle stawwe kon doen. Maar Aäron se staf het hulle stawwe ingesluk (Eks 7:10-12).
- Met die eerste plaag het Aäron sy staf op die Nylrivier se water geslaan, en dit het in bloed verander – maar ons lees ook dat die Egiptiese waarsêerspriesters dieselfde kon doen (Eks 7:22).
- Met die tweede plaag is Egipteland gevul met paddas – maar ons lees ook dat die Egiptiese waarsêerspriesters dieselfde kon doen (Eks 8:7). Dit blyk egter hulle kon nie die paddas laat verdwyn nie – Moses moes die Here vra om dit weg te neem.
- Met die derde plaag is Egipte gevul met muggies. Hierdie keer het die Egiptiese waarsêerspriesters dit ook probeer doen, maar hulle kon nie (Eks 8:18).
- Met die vierde plaag het die Here steekvlieë in die land gestuur. Hier lees ons die eerste keer dat die plaag nie die Gosenstreek getref het waar die Israelietiese volk gebly het nie (Eks 8:22).
- Die vyfde plaag was 'n pessiekte onder die vee – weereens is Gosen nie getref nie (Eks 9:7)
- Die sesde plaag was swere wat die Egiptenaars, insluitend hulle waarsêerspriesters, getref het (Eks 9:11).
- Die sewende plaag was hael – weereens is Gosen nie getref nie (Eks 9:26).
- Die agste plaag was sprinkane wat alles opgevreet het wat oor was na die hael (Eks 10:5).
- Die negende plaag was drie dae duisternis – weereens is Gosen nie getref nie (Eks 10:23).

Ek glo dit is duidelik dat hierdie plae wonders was – dit is immers hoe die Here dit self in Eks 3:20 al beskryf het. Ons het ook al vantevore die opmerking gemaak dat wonders bonatuurlike gebeurtenisse is en tipies was daar 'n spesifieke doel met hierdie bonatuurlike wonders. Voordat ons na die doel van hierdie bonatuurlike plae kyk, wil ek twee opmerkings maak:

- Baie kritici sukkel om te aanvaar dat hierdie bonatuurlike wonders gebeurtenisse is wat werklik plaasgevind het. Daar was daarom ook al baie pogings om hierdie wonders sogenaamd te verklaar. Walter Kaiser het iewers 'n opsomming gemaak van pogings wat aangewend is om dit te verklaar. Hy verwys na drie benaderings: (1) Kosmiese benadering – hiervolgens sou die plae plaasgevind het nadat komete die aarde getref het, (2) Geologiese benadering – hiervolgens sou die plae plaasgevind het weens vulkaniese uitbarstings wat getyvloede tot gevolg gehad het en (3) Seisoensbenadering – hiervolgens sou hoë reënval hoë watervlakke in die Nyl tot gevolg gehad het, wat dan aanleiding sou gee tot die plae. Natuurlik is dit alles op sy beste spekulasie – maar boonop help dit nie veel om die plae op 'n logiese manier te verklaar nie. Al sou hierdie verklarings waar wees – wie het die komete die aarde laat tref, of die vulkane laat uitbars, of die reën gestuur? Die feit van die saak is: die plae is bonatuurlike gebeurtenisse, wat ons nie logies kan verklaar nie, maar wat ons glo die Here laat gebeur het met 'n spesifieke doel.
- Daar is 'n persepsie dat wonders algemeen deur die loop van die Bybelse geskiedenis voorkom. Wel, dit is nie heeltemal waar nie. Daar is in die Bybel basies 4 periodes waar wonderwerke algemeen voorgekom het: (1) Hier in Eksodus tydens die verlossing van die volk uit Egipte in die 15de eeu vC, (2) Gedurende die lewens van Elia en Elisa in die 9 de eeu vC, (3) Gedurende Jesus en die apostels se lewens hier op aarde in die 1st eeu nC, en (4) In Op 11 is daar weer sprake van wonders aan die einde van die tyd. Elkeen van hierdie periodes word gekenmerk deur 'n spesifieke doel: In Eksodus word die verhewendheid van die Here bo die Egiptiese afgode duidelik gemaak. In die tyd van Elia en Elisa word die verhewendheid van die Here bo Babel duidelik gemaak. In die eerste eeu word die Christendom uitgelig bo die Joodse en ander heidense godsdienste, en in Op 11 word die Christendom uitgelig te midde van hewige vervolging.

Kom ons kyk nou in meer detail na wat die doel van die Here was met die plae tydens die uittog. Om dit behoorlik te verstaan moet ons die uitspraak van die Here in Gen 3:15 onthou: Daar sal vyandskap wees tussen die vrou en die slang, asook tussen haar nageslag en sy nageslag. Ons sien die uitwerking van hierdie vyandskap afspeel in Egipte – hier is vyandskap tussen verskillende partye: Hier is vyandskap tussen die Israeliete en die Egiptenare, hier is vyandskap tussen Moses en die farao, en ten diepste is hier vyandskap tussen die Here en die duiwel.

Ons moet ook onthou dat die Egiptenare op daardie stadium die magtigste nasie op die aarde was, en die farao as hulle koning was gevolglik die magtigste persoon op aarde. Die Egiptenare het baie gode gehad: die Nyl was byvoorbeeld hulle afgod vir lewe, hulle het afgode gehad wat verantwoordelik was om vrugbaarheid, krag, gesondheid, reën, selfs pesbeheer te verseker. Daar is 'n siening dat die individuele plae juis daarop gemik was om verskeie van hierdie Egiptiese afgode uit te daag, byvoorbeeld: Wie is sterker: die Here of die Nylrivier, die Here of die Egiptiese god wat pes onder die vee moet beheer? Hierdie siening word gesteun deur die feit dat ons in Eks 12:12b lees: "Oor al die gode van Egipte sal Ek My oordele voltrek. Ek is die Here". Die farao self was die beliggaming van al hierdie gode, in 'n sekere sin was hy verantwoordelik vir al die gode. Daarteenoor is die Israelietiese volk die Here se uitverkore volk, en Moses is die een wat die Here gekies het om hulle te red. Daarom het ons hier 'n uitbeelding van die stryd tussen die vrou en die duiwel en tussen

haar nageslag en sy nageslag. Die vraag is: Wie gaan wen? In Gen 3:15 het die Here beloof dit sal die saad van die vrou wees. Maar is dit ook wat die uitslag in Eksodus gaan wees?

Ons leer uit die teks in hierdie paar hoofstukke spesifiek wat die doel van die Here met die plae was. Onthou in Eks 5:2 nadat Moses en Aäron die farao gekonfronteer het, het die farao gereageer en gesê: “Wie is die Here, dat ek na Sy stem moet luister om Israel te laat gaan? Ek ken nie die Here nie, en Israel sal ek ook nie laat gaan nie”. Let op: die farao het gesê hy ken nie die Here nie. Kom ons kyk nou wat die Here sê Sy doel met die plae is:

- Eks 7:17 – Met die aankondiging van die eerste plaag sê die Here: “Hieraan sal jy weet dat Ek die Here is”. Die doel is dat die farao die Here moet leer ken, en hy moet juis leer dat die Here die Here is, die faro moet leer dat dit nie die Nylrivier is wat lewe gee nie, nee, dit is die Here wat lewe gee – fisiese sowel as geestelike lewe, alle lewe!
- Eks 8:10 en 9:14 – Tydens die tweede plaag het die farao gevra dat Moses die Here moet vra om die paddas die volgende dag te laat verdwyn, en toe sê Moses: “Dit sal wees soos u sê, sodat u kan weet daar is niemand soos die Here ons God nie”. Die doel was nie net dat die farao die Here moes leer ken as die Here nie, hy moes ook leer dat die Here is die enigste Here – daar is nie nog Een soos Hy nie. Dit was iets wat die farao moes leer siende dat hulle so ‘n verskeidenheid gode gehad het. Die Here het dieselfde boodskap herhaal met die aankondiging van die sewende plaag in Eks 9:14.
- Eks 9:16 – Ook tydens die aankondiging van die sewende plaag, het die Here nog ‘n rede gegee vir die plaag: “Maar aan die ander kant, om hierdie rede het Ek jou staande gehou, om jou my krag te toon, sodat My Naam oor die hele aarde verkondig kan word.” Nie net moes die farao leer dat die Here die Here is, en dat daar nie nog Een is soos Hy nie, hy moes ook leer dat die Here al die krag het. Die Here is dus die Here, Hy is die enigste Here en Hy is die almagtige Here! En die feit dat selfs die farao dit moet besef, sal aanleiding gee dat die Here se Naam oor die hele aarde verkondig word.
- Eks 8:22 – Daar was nog ‘n saak wat die farao moes leer, alreeds met die vierde plaag – die eerste plaag waar gesê word die Gosenstreek waar die Israeliete woon sal nie getref word nie. Die Here het dit gedoen sodat die farao kan weet dat Hy, die Here, “hier in die land is”. Die farao moes leer die Here is nie ver nie, Hy is selfs nie ver van die ongelowige Egiptenare nie, Hy is selfs nie in Egipte net omdat die Israeliete daar was nie, nee, Hy is selfs daar in Egipte waar die Israeliete nie is nie, waar daar net die farao en die Egiptenare is! Die farao moet weet hy word spesifiek deur die Here besoek.

Sien jy dit? Die Here, die Verbondsgod, die enigste Here, die almagtige Here, besoek die farao in Egipte – sodat hy die Here kan leer ken as die enigste, almagtige Here. Kan ek jou weer herinner aan Eks 6:1-2 waarna ons laasweek gekyk het: Daar het die Here vir Moses gesê Hy het Homself aan Abraham, Isak en Jakob openbaar as die Almagtige, maar Moses sou Hom nou aan die werk sien as die Here, die Verbondsgod. Wel, die farao gaan ook sien wat Abraham-hulle gesien het van die Here as die Almagtige, asook wat Moses gaan sien van die Here as die Here, die Verbondsgod. En die Here is in Egipte om dit vir hom te wys – laat ons nie miskyk hoe groot die verantwoordelikheid is wat die Here sodoende op die farao laai nie. Die vraag is: Gaan hy die Here erken vir wie Hy is, of nie? En dit alles doen die Here sodat Sy Naam oor die hele aarde verkondig sal word – en hier is ons in 2024 en leer steeds uit hierdie gebeure.

Kan ek saamvat: Die doel met die plae wat die Here stuur, is dat Moses en die Israeliete, asook die farao en die Egiptenare, die Here sal leer ken as die enigste, almagtige Here wat in die land is om

Homself bekend te maak. En die resultaat hiervan moet wees dat die Naam van die enigste, almagtige Here oor die hele aarde verkondig moet word.

<u>Wat leer ons uit die farao se harde hart?</u>

Kom ons begin weer deur eers net oorsigtelik te kyk wat ons in hierdie gebeure leer rondom die farao se harde hart:

- Tydens daardie teken voor die plae nog begin het, toe Aäron se staf die stawwe van die Egiptiese waarsêerspriesters ingesluk het, lees ons dat die farao se hart verhard was (Eks 7:13).
- Tydens die eerste plaag toe die Nyl se water in bloed verander het, lees ons dat die farao se hart verhard het, hy het nie geluister nie, net omgedraai en in sy paleis ingegaan (Eks 7:22-23).
- Met die tweede plaag het die farao gevra dat Moses vir die Here moet vra om die paddas weg te neem, dan sal hy die volk laat gaan (Eks 8:8). Maar toe die paddas eers weg was, was hy egter onversetlik (Eks 8:15).
- Tydens die derde plaag van muggies, het die waarsêerspriesters begin raaksien dit is die vinger van God wat besig is om te werk – maar die farao se hart was hard (Eks 8:19).
- Tydens die vierde plaag van steekvlieë het die farao eers aangebied die volk kan vir die Here in Egipte 'n offer bring, en toe Moses aandring hulle wil drie dae die woestyn intrek, het hy selfs dit toegestaan. Hy het selfs gevra hulle moet by die Here vir hom pleit (Eks 8:25-28). Maar toe die plaag wyk, was hy weereens onversetlik (Eks 8:32).
- Tydens die vyfde plaag van pessiekte onder die vee, het die farao mense na Gosen gestuur om so self seker te maak die Israeliete se vee vrek nie ook nie, maar nog steeds was sy hart onversetlik (Eks 9:7).
- Tydens die sesde plaag van swere, lees ons dat die Here die hart van die farao verhard het (Eks 9:12).
- Tydens die sewende plaag van hael, lees ons dat sommige van die Egiptenare ontsag vir die woord van die Here gehad het en voorsorg getref het deur hulle slawe en vee betyds na veiligheid te bring (Eks 9:20), maar die farao se hart was verhard (Eks 9:35).
- Tydens die agste plaag van sprinkane het die farao se amptenare aangedring dat hy die volk moet laat trek, anders sal Egipte te gronde gaan (Eks 10:7). Die farao was egter net bereid om die mans te laat gaan (Eks 10:11). Maar ons lees weer die Here het die hart van die farao verhard (Eks 10:20).
- Tydens die negende plaag van duisternis het die farao aangebied die volk kan trek, maar sonder hulle vee (Eks 10:24). Maar ons lees ook weer, die Here het die hart van die farao verhard (Eks 10:27)

Wat ons dus sien tydens elke plaag, is dat die farao se hart hard was. Ja, daar was tye dat van die Egiptenare begin het om ag te slaan op die woord van die Here, en selfs die farao se amptenare het besef dat as hulle Egipte wil red, moet die farao toegee aan die versoek. Ja, daar was tye wat die farao onderneem het om die volk te laat trek – weliswaar meestal nie presies volgens die beginsels wat die Here gestel het nie – maar sodra die plaag verby was, was die farao se hart weer hard.

Barret wys daarop dat daar in Hebreeus drie woorde is wat gebruik word om die hardheid van die farao se hart te beskryf. Ons sien in die 2020 vertaling byvoorbeeld ook dat 2 woorde gebruik word: sy hart was hard of sy hart was onversetlik. Barret verduidelik dat die betekenis van die drie Hebreeuse woorde naby aan mekaar is, maar tog ook aanvullend. Ons kan die drie woorde soos volg vertaal:

- Sy hart is swaar – d.w.s. sy hart was onsensitief, dit het nie behoorlik gefunksioneer nie.
- Sy hart was sterk / hard – d.w.s. hy was hardkoppig.
- Sy hart was moeilik – d.w.s. sy hart het nie geregeer nie.

Opsommend kan ons dus sê die farao se hart was onsensitief, hardkoppig, onveranderlik.

Kom ons kyk ook na wie was die handelende party om die farao se hart hard te maak: Ons lees soms dat die farao sy hart verhard het, op ander plekke lees ons dat die Here sy hart verhard het, en op nog ander plekke lees ons net sy hart het verhard. Ons lees dus dat dit beide die Here asook die farao self is wat sy hart verhard.

Kom ons dink ook verder oor wat met "hart" bedoel word: Ons is geneig om die hart te vereenselwig met ons emosies en gevoelens. Maar in Hebreeus word meer bedoel – dit sluit die verstand in, dit sluit die emosies in, en dit sluit die wil in. As ons dus lees die farao se hart was hard, beteken dit dat sy verstand eenvoudig nie wou begryp of aanvaar wie die Here is nie, dit beteken ook dat sy emosies hom gedryf het na frustrasie en selfs woede teen Moses en die Here (soos byvoorbeeld aan die einde van die negende plaag toe hy Moses wegjaag en sê as hy ooit weer vir Moses sien, sal Moses sterf), en dit beteken ook dat sy wil onversetlik is – hy wou eenvoudig nie die volk laat gaan nie. Sy harde hart beteken dat hy met sy hele wese nie die wil van die Here wou doen nie.

Kom ons besin nou verder oor: Wie is verantwoordelik vir die farao se harde hart? (1) Is dit die Here? Ons lees immers op plekke dat die Here die farao se hart verhard het. Boonop is die Here die soewereine God. Is die Here dus verantwoordelik vir die farao se harde hart? En indien dit so is, is die farao dan onskuldig? Of (2) Is die farao self verantwoordelik vir sy eie harde hart? Ons lees immers op plekke dat hy sy hart verhard het. En indien dit so is, beteken dit die Here is nie meer soewerein nie?

Hierdie is natuurlik 'n vraag wat al vir eeue lank debateer word: Hoe pas die soewereiniteit van die Here in by die menslike verantwoordelikheid? Dit is natuurlik ook die vraag wat Paulus in Rom 9 beredeneer as hy oor die verloregaande Jode skryf. Hy verwys daar ook spesifiek na die farao: lees Rom 9:16-18. As jy hierdie verse lees, kom jy tot die gevolgtrekking die keuse lê by die Here – Hy maak harte wat Hy hard wil hê, hard. Maar vergelyk dit byvoorbeeld met Petrus se oproep op Pinksterdag: "Bekeer julle, en laat elkeen van julle in die Naam van Jesus Christus gedoop word..." (Hand 2:38) – hier is daar duidelik 'n verantwoordelikheid op elke mens om hom te bekeer.

Ek gaan nou die vrymoedigheid neem om wat Barret in sy boek "The gospel of Exodus" hieroor geskryf het, vrylik te vertaal en aan te haal. Daar is 'n paar dinge wat ons moet onthou:

- Eerstens, die verharding van die farao se hart was 'n manier wat die Here gebruik het om aan Moses die versekering te gee dat Hy in absolute beheer is en dat die farao nie Sy plan om Sy volk te verlos van stryk kon bring nie. Die Here het alreeds in Eks 3 aan Moses die versekering gegee dat die uittog sal gebeur (Eks 3:12) ondanks die farao se teenstand (Eks 3:19). Let op, in hierdie eerste verwysing na die verharding van die farao se hart, is dit die Here wat die verharding vooruit aankondig voor dit nog gebeur het – en dit het eventueel gebeur soos wat die Here gesê het. Net so, die laaste keer wat ons van die Egiptenare se harde harte in Eksodus lees, is in Eks 14:17-18. Lees dit. Hier staan pertinent dit is die Here wat die Egiptenare se harte hard gaan maak – met die doel dat die Here sodoende agting sal afdwing. Dus: die hele verhardingsproses getuig eenvoudig van die Here se ongeëwenaarde mag. Hy kondig dit vooruit aan, en Hy gebruik dit om agting af te dwing.
- Tweedens, die Here het soveel mag en is so soewerein in beheer, dat Hy sy opponent se teenstand in Sy plan inbou. Die profeet Nahum maak die volgende stelling in Nahum 1:3:

"Die Here is geduldig, maar geweldig sterk". Tipies assosieer ons die Here se geduld met Sy lankmoedigheid, maar Nahum assosieer Sy geduld met sy almag. Die punt is: die Here is tydens die 10 plae absoluut geduldig met die farao, juis omdat Hy so magtig is. Daar is eenvoudig geen kans dat 'n goddelose persoon, selfs nie iemand so magtig soos die farao nie, genoeg mag het om God te oortref nie. Dus, t.s.v. hoe magtig die farao was, hy het geen bedreiging ingehou vir God se doel nie. Inteendeel, God het juis die farao se teenstand gebruik as 'n manier waarop Hy kon verseker dat Hy al die eer ontvang. Dink hieroor: as die farao toegegee het om die volk te laat trek die eerste keer wat Moses hom gevra het, dan sou die geskiedenis waarskynlik erkenning aan die farao gegee het omdat hy so goedhartig was om sy slawe te laat gaan. Maar keer op keer het die farao nee gesê, volhardend in sy onsensitiewe hardkoppigheid – wat die gevolg was van sy harde hart. Die resultaat is: Geen erkenning vir die uittog gaan na die farao nie, maar al die erkenning gaan na die geduld en die almag van die Here God.

- Derdens, die verhaal van die van die farao se hart help om die oënskynlike spanning tussen Goddelike soewereiniteit en menslike verantwoordelikheid aan te spreek. Die vraag is: Wat het die Here gedoen om die farao se hart hard te maak? Die eenvoudige antwoord is: Niks! Die verhaal gee geen aanduiding dat die Here die farao gedwing het om enigiets teen sy wil te doen nie. Daar is geen aanduiding dat daar enige begeerte in die hart van die farao was om die volk te bevry nie. Daar is geen aanduiding dat die Here hom weerhou het om uiting te gee aan so 'n begeerte nie. In die verharding van die farao se hart, het die Here eenvoudig die farao toegelaat om die farao te wees. Die Here het bloot nie ingegryp in die natuurlike ingesteldheid van sy onsensitiewe, hardkoppige hart nie. Inteendeel, die Here het geleentheid na geleentheid geskep vir die farao om sy wil oor te gee aan die Here: Moses het hom gereeld gewaarsku om te doen wat die Here van hom verwag, sy eie waarsêerspriesters het hom probeer oortuig om die volk te laat trek, by tye was hy selfs gedeeltelik gehoorsaam toe hy die volk oënskynlik wou toelaat om vir die Here te gaan offer volgens sy eie voorwaardes, daar was selfs tye wat hy gevra het Moses moet vir hom bid, en natuurlik, al het hy baie keer onderneem om die volk te laat gaan, sodra 'n spesifieke plaag ophou, het hy van plan verander. Dink hieroor: Die Here kon reeds met Moses se eerste ontmoeting met die farao die dood van die eersgeborenes aangekondig het, maar die geduld van die Here met die farao het Hom dit laat uitstel. Elkeen van die nege plae voor daardie finale klimaks met die tiende plaag, getuig van die goedheid en geduld van die Here om die farao tot bekering te lei. Maar t.s.v. die tale geleenthede om aan die Here se vereistes te voldoen, het die farao geweier, en elke weiering het sy hart nog bietjie meer verhard. Sy hart het onsensitief gebly omdat hy gedoen het wat hy wou gedoen het, en die Here het hom nie gestop om dit te doen nie. Paulus skryf hiervan in Rom 1:26: "Daarom het God hulle oorgegee aan oneerbare drange".

Die implikasies hiervan vir die evangelie is verreikend. Die les om te leer is duidelik: Behalwe as die God van genade ingryp in die wil van 'n sondaar, is daar geen hoop nie. Dit is 'n herinnering: die evangelieboodskap is vir die wat verlore gaan 'n reuk vanuit die dood tot die dood, en vir die wat verlos word 'n geur vanuit die lewe tot die lewe (2 Kor 2:15-16). Elke verwerping van die boodskap van genade verhard die hart. Die feit dat die evangelie die harte van sommiges verhard, neem niks weg van die wonder van genade dat dieselfde evangelie ander lei tot die lewe nie – trouens dit onderstreep juis die noodsaak aan genade. Die verharding van die farao se hart was nie uniek nie, dit beskryf die natuurlike toestand van alle mense. Die farao kon nie gered word behalwe deur 'n goddelike ingrype in en verandering van sy wil nie – dieselfde is waar vir alle mense. God se soewereiniteit om 'n

sondaar oor te gee aan homself, beteken nie God is onregverdig nie – dink net aan al die geleenthede wat die farao gegun is. Dit is nie onregverdig om van God te ontvang wat jy verdien nie. Dit is tragies, maar dit is nie onregverdig nie. Om toegelaat te word om die natuurlike ingesteldheid van jou hart te volg, is om soos die farao te wees. Dit is slegs as die Here ingryp en die harde kliphart vervang met 'n nuwe hart van vlees dat verlossing van jouself en jou sondige ingesteldheid moontlik is (Eseg 36:25-28).

Kan ek probeer saamvat: Die Here is soewerein. Daarom kon Hy vooruit aankondig die farao se hart sou hard wees. Hy het die hart van die farao hard gemaak. Hy het 'n doel daarmee gehad: die farao en die Egiptenare (soos Moses en die volk) moes Hom leer ken as die enigste, almagtige Here, wat alleen waardig is om al die eer te ontvang vir die verlossing van Sy volk. Geen erkenning mag na die farao gaan nie – net Hy is waardig om dit te ontvang, want Hy is die Een wat die verlossing bewerk – immers Hy is die Verbondsgod.

Hoe het die Here die farao se hart hard gemaak? Hy het hom gelos om volgens die ingesteldheid van sy hart op te tree. Hy het hom telkens gekonfronteer, gewys wie Hy is, geleentheid gegee om hom te bekeer – maar die farao het telkens besluit om onversetlik te wees – dit is hoe die farao sy eie hart verhard het.

Geliefdes, as jy voel die farao het tog maar aan die korste ent getrek omdat hy nie 'n kans gestaan het om gered te word nie, siende dat die Here nie aan hom 'n hart van vleis gegee het nie, onthou wat Paulus in Rom 9:20-23 geskryf het: "Wie is jy tog, o mens, om God te weerspreek? Sal die maaksel vir sy maker sê: 'Waarom het jy my so gemaak?' Of het die pottebakker dan nie die reg om uit dieselfde stuk klei 'n voorwerp vir edele gebruik of vir onedele gebruik te maak nie? As God dan die voorwerpe van Sy toorn wat vir ondergang bestem is, met groot geduld verdra het, omdat Hy Sy toorn wil vertoon en sy krag bekend wil maak *(dit is wat die Here met die farao gedoen het)*, het Hy dan nie ook die reg om die rykdom van Sy heerlikheid bekend te maak oor die voorwerpe van Sy ontferming wat Hy vooraf vir heerlikheid bestem het nie?"

Geliefdes, kan ek afsluit met die volgende opmerking: Ek dink 'n belangrike rede hoekom ons worstel met die feit of dit regverdig is as die Here die farao se hart verhard, terwyl Hy aan iemand soos Moses 'n hart van vleis gee, is omdat ons primêr besorgd is oor die lot van die mense wat betrokke is. Wat ons moet onthou is dat die Here primêr besorgd is om Homself bekend te maak – dit gaan primêr oor die feit dat Hy ons wil leer Hy is voorwaar waardig om alle eer te ontvang. Ons moet Hom leer ken as die enigste, almagtige Here. En ons leer dit onder andere uit die feit dat daar ook mense is soos die farao wie se harte hard bly, wat die toorn van die Here op hulleself bring, deur wie die Here Sy volle wese aan ons bekend kan maak.